SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING
HUNTING RIFLE SHOOTING ASSOCIATION

Geakkrediteerde Vereniging Nr. 1300039 Accredited Association

LANGKLOOF SKIETKLUB

DIE SAFARI-OUTDOOR TOP 50 / SA OPE 2019

Die 2019 Top 50 /SA Ope is aangebied deur die Langkloof Skietklub op die plaas Tulpieskraal van Bokkie Kritzinger te Joubertina.







Ons was geseën met uitstekende weer beide dae en rondte een en twee van Top 50 is Vrydagoggend en -namiddag afgehandel.

Saterdag het die SA Ope afgeskop met 126 skuts wat deelgeneem het en teen 2:30nm kon ons sê: “Welgedaan Langkloof Skietklub”.



Die onthaal en prys uitdeling het teen 6nm begin waar die Gasvryheidstudie leerders en personeel van die Hoërskool McLachlan ons aangenaam verras het met 'n spog geleentheid.













Die bane was as volg uitgelê:

**<u>Rondte 1- Vrydag oggend</u>**

Baan 1:  Vryhand staan na Springbok, ±65m

Baan 2: Vryhand lê na dwars Blesbok, ±190m

Baan 3:  Lê oor grondwal na Jakkals, ±300m

Baan 4: Drie-poot staan na Vlakvark, ±170m

Baan 5: Gonge: Lê oor skuinspale, ±250-350m

Baan 6:  Gonge: Kniel langs trekker agterband, ±185-300m

**<u>Rondte 2 Vrydag middag</u>**

Baan 1:  Gonge: Staan oor hooibaal, ±230-350m

Baan 2: Staan met 2 poot na ¼ Blesbok, ±140m

Baan 3:  Vryhand staan na Vlakvark, ±75m

Baan 4: Gonge: Sit met beestralies, ±200-300m

Baan 5: Sit met Bog-pods na Bobbejaan, ±270m

Baan 6:  Vryhand sit na Rooibok, ±140m

**<u>SA Ope - Saterdag</u>**

Baan 1:  Staan oor hooibaal na Bobbejaan, ±280m

Baan 2: Vryhand staan na Vlakvark, ±75m

Baan 3:  Gonge: Sit oor hooibaal, ±200-300m

Baan 4: Staan oor drie-poort na Rooibok, ±180m

Baan 5: Vryhand sit na Springbok, ±150m

Baan 6: Gonge: Lê oor grondwal, ±220-360m

Graag bedank ons almal wat betrokke was met reëlings, voorbereiding van bane en gebruik van toerusting asook die baanoffisiere.

Hantlike dank aan die hoofborg, Safari & Outdoor, vir ‘n ruim borgskap van ± R94 000.00, sowel as al die ander borge, die deelnemers wat ons ondersteun het, die bestuur van SAJSV en Lankgkloof Skietklub asook die Gasvryheidstudie leerders en span van Hoërskool McLachlan vir ‘n puik onthaal.



Bokkie Kritzinger vir die gebruik van jou plaas en toerusting.  OOV van Hoërskool McLachlan vir verskaf van verversings by skietbaan.

Ons Hemelse Vader vir ‘n geseënde en ongeluksvrye naweek.

Nogmaals baie geluk aan al die wenners en spanne.  Die volledige resultate is beskikbaar op die webwerf.

Groete uit die Oos-Kaap


SA OPEN TEAM 2019













SAFARI
OUTDOOR

SAFARI
OUTDOOR





